# OFFICIAL GAZETTE

## EXTRAORDINARY

### of South West Africa.

**Published by Authority.**

## BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

### van Suidwes-Afrika.

**Uitgegee op gesag.**

**1/- Thursday, 17th April, 1941. WINDHOEK Donderdag, 17 April 1941. No. 897**


No. 68.] [17th April, 1941.

ORDINANCES, 1941: PROMULGATION OF.

His Honour the Administrator has been pleased to assent in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—


| *No.* | *Title.* | *Page.* |
|---|---|---|
| 3. | Unauthorised Expenditure (1939—'40) Ordinance, 1941 | 3287 |
| 4. | Appropriation (1941—'42) Ordinance, 1941 | 3287 |
| 5. | Karakul Pelt Export Duty Amendment Ordinance, 1941 | 3288 |


No. 68.] [17 April 1941.

ORDONNANSIES 1941: UITVAARDIGING VAN.

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet No. 42 van 1925) aan die volgende Ordonnansies, wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—


| *No.* | *Titel.* | *Bladsy.* |
|---|---|---|
| 3. | Ongeoutoriseerde Uitgawes (1939—'40) Ordonnansie 1941 | 3287 |
| 4. | Middele- (1941—'42) Ordonnansie 1941 | 3287 |
| 5. | Wysigingsordonnansie betreffende Uitvoerbelasting op Karakoelpelse 1941 | 3288 |

No. 3 of 1941.]

# ORDINANCE

To apply a further sum of money towards the service of the financial year ended on the thirty-first day of March, 1940, for the purpose of meeting and covering certain unauthorised expenditure.

*(Assented to 16th April, 1941.)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Administration Account of the Territory of South West Africa is hereby charged with the sum of one thousand seven hundred and thirty-three pounds ninneteen shillings and sixpence to meet certain expenditure over and above the amount appropriated for the service of the financial year which ended on the thirty-first day of March, 1940. Such expenditure is set forth in the Schedule to this Ordinance and is referred to in paragraph 1, page 18, of the Report (which has been submitted to the Legislative Assembly) of the Controller and Auditor-General on the accounts of the said financial year and in the First Report of the Select Committee on Public Accounts, 1941.

2. This Ordinance may be cited as the Unauthorised Expenditure (1939—'40) Ordinance, 1941.

SCHEDULE.

| No. of Vote. | Title of Vote. | Amount. |
|---|---|---|
| | ON REVENUE ACCOUNT. | £ |
| 7 | Education . . . . . | 1,252 13 0 |
| 12 | Native Affairs . . . . | 481 6 6 |
| | TOTAL . | £1,733 19 6 |

No. 3 van1941.]

# ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere geldbedrag vir die diens van die boekjaar, wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1940 geëindig het, tot bestryding en dekking van sekere ongeoutoriseerde uitgawes.

*(Goedgekeur 16 April 1941.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadêring van die Gebied Suidwes-Afrika, as volg:—

1. Die administrasierekening van die Gebied Suidwes-Afrika word hieermee belas met die bedrag van eenduisend sewe honderd drie-en-dertig pond negentien sjielings en ses pennies tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrag beskikbaar gestel vir die diens van die boekjaar, wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1940 geëindig het. Hierdie uitgawes word uiteengesit in die Bylae tot hierdie Ordonnansie en word nader omskryf in paragraaf 1, bladsy 18, van die Verslag (aan die Wetgewende Vergadering voorgelê) van die Kontroleur- en Ouditeur-generaal oor die rekenings vir vermelde boekjaar en in die Eerste Verslag van die Gekose Komitee op Openbare Rekenings 1941.

2. Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Ongeoutoriseerde Uitgawes (1939—'40) Ordonnansie 1941.

BYLAE.

| No. van Begrotingspos. | Titel van Begrotingspos. | Bedrag. |
|---|---|---|
| | OP INKOMSTEREKENING. | £ |
| 7 | Onderwys . . . . . | 1,252 13 0 |
| 12 | Naturellesake . . . . . | 481 6 6 |
| | TOTAAL . | £1,733 19 6 |

No. 4 of 1941.]

# ORDINANCE

To apply a sum not exceeding eight hundred and nine thousand nine hundred pounds towards the service of the Territory of South West Africa for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1942.

*(Assented to 16th April, 1941.)*
*(English text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Administration Account of the Territory of South West Africa is hereby charged with such sums of money as may be required for the service of the Territory for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1942, not exceeding in the aggregate the sum of seven hundred and forty-four thousand nine hundred pounds on revenue account as shown in the First Schedule hereto.

No. 4 van 1941.]

# ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n som van nie meer as agt honderd en nege duisend nege honderd pond ten behoewe van die diens van die Gebied van Suidwes-Afrika vir die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1942.

*(Goedgekeur 16 April 1941.)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, as volg:—

1. Die administrasierekening van die Gebied Suidwes-Afrika word hiermee belas met sodanige somme geld as wat benodig mag wees vir die diens van die Gebied vir die boekjaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1942 maar gesamentlik nie meer as sewe honderd vier-en-veertig duisend nege honderd pond op die inkomsterekening nie, soos uiteengesit in die Eerste Bylae tot hierdie Ordonnansie.

2. The Administration Account of the Territory of South West Africa is hereby charged with such sums of money as may be required for the service of the Territory for the financial year ending on the thirty-first day of March, 1942, not exceeding in the aggregate the sum of sixty-five thousand pounds on loan account as shown in the Second Schedule hereto.

3. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services detailed in the Schedule hereto and more particularly specified in the Estimates of Expenditure to be defrayed from Revenue and Loan Funds (S.W.A. 3—'41), as approved by the Legislative Assembly and subject to section *four* hereof, and to no other purpose, save and except that with the approval of the Administrator, the Loan Account shall be charged with any deficit which may exist on the Revenue Account at the end of the financial year 1941—'42 not exceeding one hundred and thirty-five thousand pounds.

4. With the approval of the Administrator a saving on any sub-head of a Vote may be made available to meet excess expenditure on any other sub-head or expenditure on a new sub-head of the same Vote.

5. This Ordinance may be cited as the Appropriation (1941—'42) Ordinance, 1941.

2. Die administrasierekening van die Gebied Suidwes-Afrika word hiermee belas met sodanige somme geld as wat benodig mag wees vir die diens van die Gebied vir die boekjaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1942 maar gesamentlik nie meer as vyf-en-sestig duisend pond op die leningsrekening nie, soos uiteengesit in die Tweede Bylae tot hierdie Ordonnansie.

3. Die geld wat deur hierdie Ordonnansie beskikbaar gestel word, moet aangewend word vir die dienste, in besonderhede vermeld in die Bylae tot hierdie Ordonnansie en omstandiger uiteengesit in die Begroting van Uitgawe wat gedek moet word uit Inkomste- en Leningsfondse (S.W.A. 3—'41), soos deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur, en behoudens artikel *vier* hiervan, en vir geen ander doel nie, behoudens en behalwe dat met die goedkeuring van die Administrateur die Leningsrekening sal belas word met enige tekort wat daar op Inkomsterekening aan die einde van die boekjaar 1941—'42 mag wees, een honderd vyf-en-dertig duisend pond nie te bowegaande nie.

4. Met die goedkeuring van die Administrateur kan 'n besparing onder die een sub-rubriek van 'n begrotingspos aangewend word tot dekking van 'n te grote uitgawe onder enige ander sub-rubriek of van uitgawe onder 'n nuwe sub-rubriek van dieselfde begrotingspos.

5. Hierdie Ordonnansie kan aangehaal word as die Middele- (1941—'42) Ordonnansie 1941.

## FIRST SCHEDULE.

### REVENUE ACCOUNT.

| No. | VOTE. *Designation.* | Amount. £ |
|---|---|---|
| 1. | Administration | 40,910 |
| 2. | Legislative Assembly, etc. | 8,310 |
| 3. | Agriculture | 34,080 |
| 4. | Audit | 3,260 |
| 5. | Customs and Excise | 6,530 |
| 6. | Miscellaneous Services | 15,895 |
| 7. | Education | 182,510 |
| 8. | Works | 109,820 |
| 9. | Administration of Justice | 40,920 |
| 10. | Lands, Deeds and Surveys | 16,030 |
| 11. | Mines | 4,820 |
| 12. | Native Affairs | 36,700 |
| 13. | Pensions and Gratuities | 17,450 |
| 14. | Posts, Telegraphs and Telephones | 63,800 |
| 15. | Prisons and Reformatories | 16,085 |
| 16. | Public Health | 33,780 |
| 17. | Police Services | 114,000 |
| | TOTAL | £744,900 |

## EERSTE BYLAE.

### INKOMSTEREKENING.

| No. | BEGROTINGSPOS. *Benaming.* | Bedrag. £ |
|---|---|---|
| 1. | Administrasie | 40,910 |
| 2. | Wetgewende Vergadering, ens. | 8,310 |
| 3. | Landbou | 34,080 |
| 4. | Ouditeursafdeling | 3,260 |
| 5. | Doeane en Aksyns | 6,530 |
| 6. | Diverse Dienste | 15,895 |
| 7. | Onderwys | 182,510 |
| 8. | Werke | 109,820 |
| 9. | Regspleging | 40,920 |
| 10. | Lande, Registrasie en Opmetings | 16,030 |
| 11. | Mynwese | 4,820 |
| 12. | Naturellesake | 36,700 |
| 13. | Pensioene en Gratifikasies | 17,450 |
| 14. | Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese | 63,800 |
| 15. | Gevangenisse en Verbeteringsgestigte | 16,085 |
| 16. | Volksgesondheid | 33,780 |
| 17. | Polisie Dienste | 114,000 |
| | TOTAAL | £744,900 |

## SECOND SCHEDULE.

### LOAN ACCOUNT.

| Item No. | *Designation.* | | Amount. £ |
|---|---|---|---|
| A. | Buildings, etc. | | 46,000 |
| B. | Irrigation and Water Supplies | | 2,000 |
| C. | Telegraph and Telephone Extensions and Renewals | | 3,650 |
| D. | Government Surveys | | 2,000 |
| E. | General Relief and Rehabilitation Measures | | 150 |
| F. | Lands | | 4,000 |
| G. | Loans: | | |
| | (1) To Local Authorities | £6,900 | |
| | (2) „ Farmers under the Cattle Improvement Law | 300 | 7,200 |
| | TOTAL | | £65,000 |

## TWEEDE BYLAE.

### LENINGSREKENING.

| No. Item | *Benaming.* | | Bedrag. £ |
|---|---|---|---|
| A. | Geboue, ens. | | 46,000 |
| B. | Besproeiing en Water Voorrade | | 2,000 |
| C. | Telegraaf- en Telefoon-uitbreidings en Vernuwings | | 3,650 |
| D. | —Regeringsopmetings | | 2,000 |
| E. | Algemene Noodleniging en Maatreëls vir Rehabilitasie | | 150 |
| F. | Lande | | 4,000 |
| G. | Lenings: | | |
| | (1) Aan Plaaslike Besture | £6,900 | |
| | (2) „ Boere onder die Beesteverbeterings Wet | 300 | 7,200 |
| | TOTAAL | | £65,000 |

SUMMARY.

| | |
|---|---|
| Amount chargeable to Revenue Account . . | £744,900 |
| Amount chargeable to Loan Account . . . | 65,000 |
| TOTAL . | £809,900 |

No. 5 of 1941.]

# ORDINANCE

To provide for the amendment of the law relating to the imposition of a duty on the export of Karakul pelts.

*(Assented to 16th April, 1941.)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Sub-section (4) of section *ten* of the Karakul Pelt Export Duty Amendment Proclamation, 1939 (Proclamation No. 34 of 1939), is hereby amended by the deletion of the word "six" occurring therein and the substitution therefor of the word "twelve".

2. This Ordinance shall be called the Karakul Pelt Export Duty Amendment Ordinance, 1941.

SAMEVATTING.

| | |
|---|---|
| Bedrag ten laste van Inkomsterekening . . . | £744,900 |
| Bedrag ten laste van Leningsrekening . . . | 65,000 |
| TOTAAL . | £809,900 |

No. 5 van 1941.]

# ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die wysiging van die wet betreffende die heffing van 'n belasting op die uitvoer van karakoelpelse.

*(Goedgekeur 16 April 1941.)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)*

DIT WORD VERORDEN deur die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, as volg:—

1. Subartikel (4) van artikel *tien* van die Wysigingsproklamasie betreffende Uitvoerbelasting op Karakoelpelse 1939 (Proklamasie No. 34 van 1939) word hiermee gewysig deur die woord „ses" wat daarin voorkom te skrap en dit deur die woord „twaalf" te vervang.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie betreffende Uitvoerbelasting op Karakoelpelse, 1941.

Printed in South West Africa by / Gedruk in Suidwes-Afrika deur John Meinert Ltd., Windhoek.